

E-pos: kontak@volksraad.co.za

Sel.nr.: 082 322 6590

Sekretaresse: 012 803 0712

Posbus 71214, Die Wilgers, 0041

Webwerf: www.volksraad.co.za



25 Januarie 2016

Boere-Afrikanervolksraad en die HNP lê klag teen Zuma

Die Boere-Afrikaner Volksraad en die HNP het 'n 'n klag by die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (MRK) teen die Staatspresident Jacob Zuma ingedien.

Die klagte spruit voort uit 'n toespraak deur Zuma wat hy tydens die 104de verjaarsdagfees van die ANC in Rustenburg gemaak het. Hy het ondermeer die volgende kwytgeraak (soos getranskribeer vanaf die video): "... my problem is: The source of poverty, inequality, unemployment, is land – which was taken, not bought. Stolen, But the government of the people has to buy it back as if it was sold at one point. It was never sold, it was taken."

Die klag stel dit dat:

1. Die land "gevat" en "gesteel" is, is teen die blankes van Suid-Afrika gemik en gee te kenne dat die blankes die skuld dra vir die armoede, ongelykheid en werkloosheid in die land.
2. Die geskiedenis van grondbesit in Suid-Afrika is goed gedokumenteer. Die bewering dat die land gevat en gesteel is, is 'n openbare leuen wat deur gedokumenteerde historiese feite weerlê word.
3. Die konteks waarin na die "Government of the people" verwys word, sluit die blanke gemeenskap uit. Die blanke gemeenskap word dus nie as deel van die bevolking teenoor wie die regering 'n verantwoordelikheid het, beskou nie.
4. Die "Government of the people" het geen geld van sy eie nie; die regering werk met belastinggeld waarvan 'n beduidende deel deur die blankes voorsien word.
5. Die bewering dat die blankes die grond in hulle besit (van die swartes) gesteel het, wek haat tussen die swart en blanke gemeenskappe in Suid-Afrika. Dit hits swartmense aan tot geweld teen blankes wat ondermeer in die voortgaande stroom plaasaanvalle en aanvalle op die erfenisse van die blankes manifesteer.

Soortgelyke propaganda wat in die verlede gemaak is, is in die openbaar weerlê deur die HNP, die VF+ en georganiseerde landbou. Nagevorste werke soos “Omstrede Land. Die Historiese Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Grondvraagstuk 1652-2011” deur Louis Changuion en Bertus Steenkamp (ISBN 978-1-86919-509-0) (2011) en “*The South African Land Issue – Background to the debate*” deur Werner Weber, asook ander publikasies is gepubliseer om die historiese feite te stel.

Daarom word die volgende geëis:

1. Die bewering dat die blankes die grond in hulle besit gesteel/onregmatig bekom het, moet as haatspraak verklaar word, wat strafbaar is kragtens Wet 4 van 2000; en
2. Die President moet hom voor die MRK verantwoord, bewyse voorlê wat sy bewering ondersteun en aantoon waarom die gedokumenteerde geskiedenis van grondbesit in Suid-Afrika nie aanvaar word nie; en
3. ‘n Openbare verskoning deur die President vir die ongegronde uitlating deur hom gemaak.